

Dinsdag 2 Februarie

Skrifgedeelte: Psalm 10 (1953-vertaling)

Fokusgedeelte: Psalm 10:17

Besing die God wat die hulpkrete van sy kinders hoor!

Psalm 10 kon netsowel gister geskryf gewees het. Die goddelose rebelleer teen God en onderdruk sy gelowige kinders. Listige planne en onsedelikheid, woekerwins, en hoogmoed, vloekery, bedrog en moord is alles hier ter sprake.

In sy ongebonde bestaan is ongebreidelde sonde aan die orde van die dag omdat die goddelose oortuig is dat hy die koning van sy eie lewe is. Hy loop rond en tart en moor, stel strikke vir die gelowiges en vervolg hulle – alles omdat hy homself wysgemaak het dat God nie bestaan nie.

En in hierdie hopelose omstandighede vlug die psalmdigter na die Here toe. Dit is 'n intense uitroep van weemoed: Here, waar is U as ek in die nood is? Hoekom voel dit asof U so ver weg is? Dit is 'n gevoel wat elkeen van ons al in moeilike tye gehad het: so asof ons alleen is, en daar geen uitkoms is nie.

Tog is die Here net skynbaar weg – want Hy sien die moeite en verdriet van sy kinders. Hy verbreek die mag van die goddelose sodat daar niks van hom oorbly nie. Wanneer dinge rondom ons hopeloos lyk, is dit belangrik om daarby verby te kyk en ons toevlug te neem tot die Een wat absolute mag oor alles het.

Want die Here hoor die hulpkreet van sy kinders. Hy luister na hulle hulpgeroep, en sien hulle getrouheid raak, en doen reg aan hulle. Dit alleen is waar omdat Jesus Christus die onreg van die kruis verduur het, die skrik en ang van die dood op Hom geneem het en werklik vervreem en ver van God was – ja, van God verlate was! In Christus is ons regverdig, is ons kinders van God wat deur sy Gees altyd naby (in) ons is.

Sing: Psalm 18-1:13

Ds. JL Lee (Jan-Louis) (Brits)